

Fokus

Fokus is 'n rubriek waarin artikels van 'n meer populêr-wetenskaplike aard gepubliseer word. Artikels wat vir hierdie rubriek aan die redaksie voorgelê word, moet voldoen aan dieselfde tegniese vereistes as navorsingsartikels (kyk asseblief die *Voorskrifte vir skrywers*). Bydraes vir *Fokus* word aan 'n interne keuringsproses onderwerp en kwalifiseer nie vir subsidie nie.

Inhoudsopgawe

P. Krüger

Die invloed van die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902)
op die Teologiese Skool Burgersdorp

291

Die invloed van die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) op die Teologiese Skool Burgersdorp

P. Krüger
KURUMAN

Abstract

The influence of the Second War of Independence (1899-1902) on the Theological Seminary of Burgersdorp

In this article the reasons for the War are pinpointed as England's imperialism and the underlying motif of getting hold of the riches and gold of the ZAR. At the outbreak of the War the students and lecturers of the Burgersdorp Theological Seminary, as most Boers in the Cape Colony, had to make a decisive choice: loyalty to the Government of the Cape Colony or to their fellow kinsmen in the North (and thus siding with the latter). Varying facets of the war-torn situation are touched upon in this article: the lecturers were for example accused of treason but acquitted. The outcome of the 30 students' situation, however, differed. Those students originally from the northern Republics returned home to join their commandos. Some of these students were taken prisoners of war. Most of the Cape students showed their solidarity with their northern compatriots by joining the Ambulance Corps. Three students and two former students eventually died (one was the son of Prof. Lion Cachet). In honour of these students a monument was erected in 1906. Only one student and three former students were rebels, as far as is presently known. At a later stage three students were able to continue their studies in the Netherlands. Two of these, J.D. du Toit and F. Postma, later returned to South Africa and committed their lives to the Theological Seminary at Potchefstroom and the Potchefstroom University for CHE.

1. Inleiding

Die benaming “Anglo-Boereoorlog” is algemeen bekend vir die stryd van 1899-1902 en word soms verkort tot “Boereoorlog”. Laasgenoemde benaming is egter sinloos vanuit ’n Afrikaner se oogpunt, want die volk teen wie die Afrikaners of Boere geveg het, behoort tog genoem te word. Eersgenoemde benaming (Anglo-Boereoorlog) is misleidend want die Engelse en Boere het verskeie kere in oorlog met mekaar gebots. Die vroeëre botsings was weinig meer as ’n skermutseling, maar in 1881 het die Boere na verskeie veldslae oor die Britte geseëvier en hulle eie staatkundige vryheid herwin. Hierdie gebeure het bekend geword as die Eerste Vryheidsoorlog. Die benaming *Tweede Vryheidsoorlog* onderskei myns insiens beter tussen die verskillende gebeurtenisse.

Daar word binne die konteks van hierdie artikel slegs kortliks aandag gegee aan die begrip *vryheid*. Uit die groot aantal geskryfte wat oor vryheid handel, noem ons net twee. J.P. Tazelaar (1929, V:662-663) beskryf menslike vryheid as die geleentheid om die aanleg wat deur God gegee is te kan ontwikkel om te voldoen aan die bestemming wat deur God vir hom beskik is. In sy weergawe van die Calvinistiese opvatting van burgerlike vryheid beklemtoon hy “eers orde, dan vryheid”. Ook H.G. Stoker (1967:251-261) plaas klem daarop dat die volgende aspekte vir vryheid nodig is: roepingsvervulling en dissipline ten opsigte van die enkeling en die volk.

Die Boerevolk, grotendeels in die Calvinisme geanker, het aan die einde van die negentiende eeu beleef dat hulle vryheid deur ’n imperiale mag bedreig is. So oortuig was hul van die meriete van hul saak dat hulle bereid was om hulle vryheid met die wapen te verdedig.

2. Aanleiding tot die Oorlog

Aan die einde van die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerke in die Oranje-Vrystaat in Maart 1899 neem ’n paar broeders die woord op. Ds. L.J. Plessis van Petrusburg maak die opmerking “dat dit de laatste maal is dat zij vergaderen zullen in deze eeuw. Moge de Heere ons dan sparen om de nieuwe eeuw te beleven en op het voetspoor van de vaderen te werken voor de eer Zijns Naams” (AV OVS Notule, 1899).

Die “nuwe eeu” sou egter vir die Oranje-Vrystaat en die Zuid-Afrikaansche Republiek met donker dae begin. Donker wolke van ’n dreigende oorlog het begin saampak en teen die einde van 1899 het oorlogsrumoer die vlaktes gevul. Die Kerke is ook daardeur geraak en

selfs die Teologiese Skool, verder suid in die Kaapkolonie, het nie vrygespring nie.

Daar was 'n lang aanleiding tot die oorlog. Dit is ironies dat toe die Boere in 1795 bevry is van Nederlandse imperialisme met die stigting van twee Republieke, Graaff-Reinet en Swellendam, Britse imperialisme in dieselfde jaar toegeslaan het met die anneksasie van die Kaapkolonie. Die Britte het begin met die opbou van hulle *empire* en dit sou dwarsdeur die negentiende eeu voortduur. Na die Groot Trek het die anneksasie van Natal gevolg en later selfs dié van die twee Republieke ten noorde van die "Garieb" soos die Oranjerivier toe bekend was. Die Sandrivierkonvensie van 1852 en Bloemfonteinkonvensie twee jaar later het wel die twee gebiede noord van die Oranje- en Vaalriviere as onafhanklike republieke erken, maar wisselende Britse belange het steeds veroorsaak dat die State 'n twisappel was (Kruger, s.j.:222-241).

Sir George Grey, wat in 1854 in Suid-Afrika aangekom het, het die Britse belange lewendig gehou met sy beleid van 'n federasie wat die twee Britse kolonies en die twee Boere-Republieke sou insluit (Kruger, s.j.: 257-261). Hierdie beleid sou uitloop op die anneksasie van die Transvaal en die Eerste Vryheidsoorlog waardeur die Republiek weer onafhanklik geword het (Kruger, s.j.:297-323). Dit was egter 'n gekwalifiseerde onafhanklikheid: vry in die bestuur van interne sake, maar onder suse-reiniteit van Engeland in buitelandse verdrae, volgens die Verdrae van Pretoria (1881) en Londen (1884) (Strydom, 1943:11-13).

Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand (1886) het Transvaal 'n begeerlike kolonie gemaak. Daarbenewens het die politieke ambisies van Cecil John Rhodes 'n belangrike rol gespeel, want sy oogmerk was om die Britse vlag van die Kaap af tot in Kaïro te sien wapper. Met fyn diplomatieke skuiwe het hy die Transvaal afgesny van Duitse hulp na die weste waar hulle Suidwes-Afrika in 1884 bekom het, sowel as na die ooste waar Mosambiek vir Portugal behou is. Hy het 'n verdrag met Lobengula noord van die Limpopo gesluit om die moontlike landsuitbreiding van die Boere daarheen te keer. So wou hy Transvaal vasdruk en uiteindelik inlyf, maar toe kom die oorhaastige Jameson-inval in 1896 (Kruger, s.j.:338-382; Roberts, 1976:156).

Hieruit is dit duidelik dat Britse Imperialisme en die rykdom van Transvaal van die belangrikste faktore vir die uitbreek van die Oorlog was (Kruger, s.j.:393, 405-406; Strydom, 1943:7-17).

Pakenham, die Britse geskiedskrywer, laat nie reg aan hierdie feite geskied nie as hy Sir Alfred Milner as die groot sondebok uitwys, maar

ander belangrike persone en faktore wat saam met Milner vir die Oorlog verantwoordelik was, onderbeklemtoon (Pakenham, 1981:57-74).

Soos dikwels in die geskiedenis het dit gebeur dat die werklike redes vir die oorlog nie genoem is nie. Die oorlogsugtiges het rookskerms voorgehou, soos dat die Kaapse kleurlinge in Johannesburg nie goed behandel is nie, of die impak van die dinamietmonopolie, maar veral die invloed van die Uitlanderkwessie. Omdat die voorstanders van oorlog beheer oor die Engelse pers gehad het, kon hierdie beswadderings plaaslik en oorsee verkondig word (Kruger, s.j.:380-400; Strydom, 1943: 13-22).

In Brittanje is reeds op 22 September 1899 besluit dat daar oorlog sou wees maar daar is geen oorlog verklaar nie vanweë die berekening dat daar eers teen die einde van Oktober genoeg Britse troepe in Suid-Afrika sou wees om 'n oorwinning te verseker (Strydom, 1943:11-13; Albertyn, 1971, 7:372).

President Paul Kruger het besef dat sake op 'n oorlog afstuur en 'n diens van verootmoediging gereël waarvoor hy professor Jan Lion Cachet versoek het om voor te gaan. Die studente se meelewing met Transvaal was so groot dat hulle die Redakteur van *Het Studentenblad* saamgestuur het en drie pond tot sy reiskoste bygedra het, sodat hy kon "rapporteeren voor ons Blad" (Studente Aangeleentheid, Notule, 23 Aug. 1899, art. 2, 3, 4; *Colesberg Advertizer*, 6 Sept. 1899:6).

3. Burgersdorp moet kies

"Het ijzer gaat ons door de ziel": so skryf professor Lion Cachet in die laaste nommer van *Het Kerkblad* wat voor die uitbreek van die Oorlog verskyn het (*Het Kerkblad*, 15 Okt. 1899). Daarmee het hy twee sake aangeroer: figuurlik, die keuse wat Kaaplandse Afrikaners moes maak, en letterlik die beeld van die oorlog waarin bajonette Afrikanerharte sou deursteek.

Burgersdorp se posisie was dieselfde as dié van die hele Kaapkolonie se Afrikaners wat moes kies tussen lojaliteit aan die Britse Kroon, hulle destydse wettige regering, of getrou wees aan die Boere van die noorde aan wie hulle met geloofs-, volks-, en familiebande verbind was. Dit was 'n onmoontlike keuse: moes hulle rebelleer en hulleself in gevaar stel, of hulle gewetens aantas deur hulle eie mense in die steek te laat? Sommige het die keuse makliker gevind; vir ander was dit moeiliker.

Van diegene wat die keuse maklik gevind het, was mense wat op grond van die verengelsingsbeleid van Lord Charles Somerset tot 'n groot mate verengels het. Hulle het wel Afrikaans gepraat, maar die Britse opvat-

tings oor godsdiens, taal, politiek en volk het hulle gedagtes gekleur (Laufs, 1982:8; Strydom, 1943:16; Kruger, 1957:47-51).

Daar was egter ander wat innerlik verskeur was. Hulle sou ook graag aan hulle wettige regering wou getrou bly, maar was tog ook besiel met 'n ideaal. Daarom was hulle geroepe om die moedeloses te besiel.

Die Zuid-Afrikaansche Republiek het die vorige twee dekades groot invloed op die Boere in Kaapland gehad ten opsigte van taal en nasietrots. Daarom het Milner besluit dat die Kaap slegs heeltemal kon verengels as die Transvaal ook onder Britse bewind kom.

Waar het Burgersdorp in hierdie situasie ingepas? Dit is geen oordrywing om te beweer dat Burgersdorp 'n belangrike deel bygedra het nie. 'n Paar voorbeelde sal dit aantoon. Toe die Genootskap van Regte Afrikaners in 1875 ontstaan, gee Lion Cachet sy steun daaraan en lewer sy bydrae om die Afrikaner te leer lees. Toe die "Albert Boere Beskermings Vereniging" tot stand kom, is Daantjie van den Heever in noue voeling met die Teologiese Skool se professore, Dirk en Martinus Postma. M.P.A. Coetsee jr., 'n kurator van die Skool, beywer hom vir die Hollandse taal en word die "vader van die Taalbond" genoem (Spoelstra, 1963:283, 285). Stephanus Postma word in 1890 professor aan die Teologiese Skool en met die intrapslag verdedig hy die onderrig van Hollands as van groot waarde vir Afrikaans.

Vir nasionale selfverwesenliking moet die studente kragtig meewerk: 'n heerlike toekoms open hom vir Suid-Afrika, vir julle, seuns van die land; die eer, maar ook die verantwoordelikheid rus op u om Suid-Afrika sy plek te laat inneem in die ry van volkere ..., laat ons 'n verbond sluit met mekaar dat voortaan elke uur van ons lewe aan God en vaderland gewy sal wees (aangehaal en vertaal in Van der Vyver, 1969:57-58).

Toe Jan Lion Cachet professor word, spel hy die beleid van die Teologiese Skool uit. Dit moes naamlik die volgende wees: "Christelik en Nasionaal, Gereformeerd en Afrikaans". Ten tye van die Eerste Afrikaanse Taalkongres wat in 1896 in die Paarl gehou is, was professore J. Lion Cachet en S. Postma daar, saam met J.A. du Plessis (later professor) en uit Middelburg, Kaap, ds. M. Postma (gewese professor) met sy twee seuns, Dirk en Ferdinand (albei later professore). Prof. Lion Cachet lewer by dié geleentheid 'n belangrike bydrae (Ras, 1985:175-179; Van der Vyver, 1969:64).

Die studente wat aan die voete van sulke professore gesit het, was vanselfsprekend besiel met die ideaal: "Vir ons taal, ons nasie, ons land". In verskillende nommers van *Het Studentenblad* van 1898 en 1899 word

die liefde vir “ons taal, nasionaliteit en godsdiens”, asook die geskiedenis van Suid-Afrika aangevuur. In die skole “wordt (dit) meestal in Engelschen geest behandelt, de arme ‘boeren’ komen er maar altoos slecht af. De textboeken zyn meestal slecht op dit punt en de meesters niet veel beter” (*Het Studentenblad*, 14 April 1899).

Met so 'n standpunt was dit duidelik dat Burgersdorp klaar gekies het. Vol spanning het studente en dosente aan die Teologiese Skool die oorlog sien naderkruip. Hulle het gehoop en gebid vir vrede, maar as oorlog sou uitbreek, was daar geen onsekerheid oor waar hulle hulle sou skaar nie. *Het Studentenblad* stel dit in die vorm van 'n vraag: “Moeten wij eenvoudig stil zitten en onze bloedverwanten laten doodschieten? Voorwaar neen, dat kunnen wij niet” (*Het Studentenblad*, 23 Sept. 1898:1; 12 Mei 1899).

4. Die Teologiese skool word betrek

4.1 Studente

Op die hele verloop van die Oorlog kan nie ingegaan word nie. In hierdie artikel word gekonsentreer op die aspekte wat die Teologiese Skool geraak het. Toe die Oorlog uitbreek, het daar beroering by die Skool gekom. In totaal was daar dertig studente. Diegene uit die twee Republieke het teruggegaan om by die kommando's aan te sluit hoewel hulle nie opgekommandeer is nie. Pliësbeseft het hulle egter geroep.

Die Teologiese Skool se werksaamhede kon voortgaan, maar die oorblywende studente het gevra of die Skool kan sluit sodat hulle huis toe kon gaan. Daarvoor het die professore en kuratore nie kans gesien nie, maar het ingestem dat diegene wat wou, kon vertrek.

Toe dit duidelik word dat die Britte vanuit Kaapland gaan optrek, het president Steyn beveel dat die Oranje-Vrystaat sy buurland onder kommandant F.J. du Plooy van Bethulie moes inval. Die OVS-kommando het Burgersdorp op 15 November 1899 beset. Vyfhonderd man van die distrik het as rebelle aangesluit. Daarop het die professore besluit dat die Skool moes sluit. Drie studente het vertrek en die oorblywendes het saam met die twee professore van die Literariese Afdeling by die “Ambulans Korps van die Rooikruis” aangesluit.

Alle inwoners van Burgersdorp het die ambulanskorps gesteun, wat onder leiding van dr. Werdmuller na “Stormberg Junctie” vertrek het (*Het Kerkblad*, 1 April 1903:3; Lion Cachet, 1909:134 e.v.; Laufs, 1982: 26-34).

'n Hele paar sulke korpse uit die buiteland het onder die Boere gewerk. Laufs (1982:33, 34) noem die Ierse, Amerikaanse, 'n Belgiese, drie Duitse en drie Nederlandse groepe. Selfs so ver as Rusland het 'n ambulanskorps gekom en die helfte van 'n Nederlandse groep was ook Russies (Izedinova, 1977:1-21, 239-242).

Hans Swanepoel het die Kaap by Aliwal-Noord binnegedring, waar vyfhonderd "rebelle" ook aangesluit het en saam verder suidwaarts getrek om by Du Plooy aan te sluit. Op Sondag, 10 Desember 1899, het die Boere 'n beslissende oorwinning oor die Britte by Stormberg behaal (Laufs, 1982:35-37).

Die drie professore het in die verskillende laers gepreek en die burgers geestelik bedien. By die slag van Stormberg het die Ambulanskorps goeie diens gedoen. Daar het die manne van die Skool ook opgetree. Dit sou hulle later ten kwade gereken word (Lion Cachet, Kuratore-notule, 15 Sept. 1902, art. 2; 1909:132).

Die wending in die Oorlog het ook vir die Teologiese Skool gevolge gehad. Nadat Cronje op Majubadag met vierduisend man oorgegee het, het Roberts gereed gemaak om na Bloemfontein op te ruk. Die Boere moes gevolglik uit die Oos-Kaap onttrek om sy opmars te help stuit. Die Britte het op 5 Maart 1900 die Stormbergaansluiting sonder 'n skoot ingeneem. Twee dae later het hulle Burgersdorp ingetrek en daarna het Norvalspont, Aliwal-Noord en ook Bethulie gevolg. By die geveg rondom Bethuliebrug het die eerste student van die Skool, Johannes Abraham Venter, op 11 Maart 1900 gesneuwel (Laufs, 1982:37-40).

Van die sewentien studente wat by Stormberg was, gee Laufs net die name van 15 wat later aangekla is. Hy maak ook tereg die afleiding dat die studente nie by die geveg betrokke was nie, maar by die Ambulanskorps en wys verder daarop dat dit aan ds. L.P. Vorster se versierendheid toegeskrywe moet word dat die studente aktief kon optree, maar dan in 'n nie-militêre hoedanigheid. Dieselfde opmerking geld van prof. Lion Cachet (Laufs, 1982:31; Ras, 1985:182).

4.2 "Roep uit die rebelle-nes"

Met hierdie pakkende opskrif beskryf G.C.P. van der Vyver (1969:86) die gesindheid van die Britte teenoor Burgersdorp.

Na die Britte Burgersdorp ingeneem het, het die Teologiese Skool weer op 1 April 1900 met sewe studente geopen. Vir die meeste was die oorlogstaak verby. Teleurgesteld, maar nie platgeslaan nie, kon die studie hervat word. Hulle is egter nie lank met rus gelaat nie. W.J. de

Klerk, die enigste teologiese student, moes langer as drie maande tronk toe gaan (Lion Cachet, 1903:3).

Die vrouefiguur van die Taalmonument het ook deurgeloop. Dit is stuk-stuk afgebreek en later in King Williams Town gevind. So wou 'n paar soldate wys dat hulle gemeen het die tyd van Afrikaans is verby. Vandag staan die monument weer in Burgersdorp langs 'n nuwe wat daar opgerig is (Laufs, 1982:41).

Die Britse owerheid was nie geneë om al 500 rebelle van die Burgersdorpdistrik om die lewe te bring nie. Hulle het 'n beter skokmetode gebruik, naamlik om sommige as voorbeeld te laat dien en in die openbaar tereg te stel. Groot getalle mense is deur die militêre owerhede beveel om die teregstellings by te woon. So is dit by elke dorp gedoen. Gereformeerdes het van hierdie mense bygestaan. Prof. Lion Cachet het saam met ds. H.W. Geyer van die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir P.W. Klopper bygestaan. Ds. S. Postma het dieselfde in Middelburg, Kaap, met P.J. Wolfaardt gedoen (Jordaan, 1904:47-55, 128-129).

Die getal studente het weer tot 18 gestyg, almal uit Kaapland afkomstig. Drie studente het die matrikulasie-eksamen geslaag, een die Intermediêr en Petrus Lion Cachet het die B.A.-eksamen met lof geslaag.

Die twee Kaaplandse kuratore van die Teologiese Skool het ook nie vrygespring nie. Op 21 Maart 1900 is ds. L.P. Vorster van Burgersdorp gevange geneem, maar na sewe maande op borgtog van 3000 pond vrygelaat. Selfs toe is hy verbied om op die dorp te kom en verplig om op sy plaas te Middelburg, Kaap, te gaan bly totdat hy in Junie 1901 onskuldig bevind is op die klag van hoogverraad.

Die ander kurator, ds. W.J. Snyman van Venterstad, moes ook op aanklag van hoogverraad teregstaan. As gevolg van siekte is hy egter na 'n paar dae op dieselfde borgtog vrygelaat en saam met ds. Vorster in Junie 1901 vrygespreek (Laufs, 1982:43-46).

In 1901 het sake vir die Teologiese Skool al hoe moeiliker geword. In Februarie word, sonder opgaaf van redes, beveel dat alle studente wie se ouers nie in Burgersdorp woon nie binne 24 uur huis toe moet gaan. Dit het die studentetal tot vyf laat krimp. Die leerlinge van ander skole kon bly, maar die studente van hierdie Skool moes gewurg word (De Klerk, 1903:12).

Die professore het hulle nie hierdeur laat afskrik nie. Die werk sou voortgaan ten spyte van omstandighede, al was dit hoe moeilik. Die Oorlog het reeds die toevloei van geld gerem. Uit die Republieke kon

geen geld kom nie. Die professore het gevolglik vrywillig die helfte van hulle traktement afgestaan. Selfs daardie helfte kon nie uitbetaal word nie. Dit is eers na die Oorlog reggestel. Soos dikwels in die verlede was dit die kerke van die Kaapkolonie wat die offers gebring het. Later kon dankbaar getuig word: “God laat nie vaar die werk van sy hande nie” (De Klerk, 1903:12).

Daar was herhaalde aanslae teen hierdie inrigting. As ’n tekort aan studente en selfs die gebrek aan finansies die Skool nie permanent kon laat sluit nie, dan moes die professore self verwyder word.

4.3 Professor Lion Cachet se verhoor

Op 5 Maart 1901 moes die drie-en-sestigjarige prof. Lion Cachet tronk toe gaan op ’n aanklag van hoogverraad. Reeds die volgende dag begin die verhoor. Die hele verloop skep die indruk van wanorde. Dit is reeds ’n jaar na die Britte Burgersdorp weer ingeneem het. Die Britte kon seker in daardie tyd die aanklag geformuleer en die feite agtermekaar gekry het, maar dit was nie die geval nie: die saak kom voor, maar die staat het geen aanklaer gehad nie. Die magistraat, J.C. Gie, moes dit self doen. Daar was selfs geen hulp van die polisie nie (Anon., 1901:2).

Die klagstaat noem “de misdaad van hoogverraad” met vier onderdele. Drie van die onderdele beweer die volgende: Lion Cachet sou by verskillende geleenthede in preke die “onderdanen van wijlen Haar Majesteit aanspoorde in opstand te blijven tegen Haar en Haar Goevernement”. Verder: “Zekere van de militaire troepen van genoemde Republieken aanspoorde voort te gaan met ... hunnen inval in deze kolonie”. Dit sou gebeur het by “Henning Siding”, in die distrik Steynsburg op 11 Desember 1899; tussen 17 en 24 Desember by Stormberg in die Moltenodistrik en op 14 Januarie 1900 by Stormberg. Die vierde klag was dat hy in Desember 1899 in Bloemfontein met die president van die Oranje Vrystaat “gemeenschap hield” (Ras, 1985:270-271).

Die eerste getuie was N.J. Grobbelaar. Hy het die professor al omtrent 10 jaar geken as “hoof” van die Gereformeerde Kerk. Hy beweer dat die professor omtrent tien dae na Stormbergveldslag in die Boerelaer gepreek het. Lion Cachet sou beweer het dat dit in Transvaal goed gaan met die Oorlog. Volgens die preek sou God die burgers seën en daarom is hulle aangemoedig om dapper te veg (*Albert Times*, 8 Maart 1901:2).

Die tweede getuie was N.J.J. Grobbelaar, seun van die vorige getuie. Hulle was egter nie in dieselfde kommando’s nie. Ook hy getuig dat prof. Lion Cachet die burgers in sy preek aangemoedig het om dapper te veg.

J.C. Strydom en J. Kruger beweer ook dat hulle dieselfde sake in die preke gehoor het.

Onder kruisverhoor skeur mnr. G.A. Schweizer in sy verdediging egter hulle getuienis uitmekaar. Die twee Grobbelaars erken dat hulle nie geleerd is nie, nie Lion Cachet se Hooghollands goed verstaan nie en boonop praat hy onduidelik. Buitendien het ander mense gesê dat die professor hierdie sake voor die preek en nie in die preek gesê het nie. Die ander twee kon toe nie meer alles onthou nie. Strydom het begin deurmekaar praat en Kruger het sy eie beweringe begin betwyfel.

Na alle getuienisse gesif is, moes die indruk oorweldigend gewees het dat hulle woorde in die mond gelê is. Toe sommige van die getuies erken dat hulle nie die Hooghollands “so goed verstaan nie”, ontstaan die vraag hoe hulle dan daardie paar sinne so goed gehoor het. ’n Verdere vraag vloei hieruit voort: hoe is dit moontlik dat die kerngedagtes van die eerste en tweede getuie so ooreenstem? ’n Vergelyking van die oorspronklike weergawes laat dit duidelik blyk: dit sou slegs moontlik wees as een persoon hulle voorgesê het.

Die hof moes beseft het dat die getuies verward was. Dit was nie duidelik of die bewerings (aan die beskuldigde toegedig) tydens sy preke geuite is, of by ’n ander geleentheid nie. Die laaste twee getuies het duidelik ook “getuig” oor sake wat hulle self nie gehoor het nie. ’n Oor- en ooggetuie sal sekerlik nie elke feit en woord onthou nie. Dit moet egter in gedagte gehou word dat dit emosiebelaaide maande was wat gebeurtenisse diep in die geheue ingegrif het. ’n Betroubare waarnemer behoort egter nie onder kruisverhoor rond te spring nie.

Teenoor die staat se getuies, kom vanaf 13 Maart die getuies vir die beskuldigde te staan. J.L. du Plooy beweer dat hulle Lion Cachet nooit hoor preek het teen die Britse gesag nie. W.J. de Klerk en die professore van die Literariese Afdeling, P.C. Snyman en J.A. du Plessis, praat ook ten gunste van prof. Lion Cachet.

Jan Lion Cachet stel die volgende in sy verweer op 14 Maart: hy was van die begin af in die Ambulanskorps geïnteresseerd. Hy het gekla omdat daar nie voldoende mediese toerusting was nie. Aangesien sy vertoë niks opgelewer het nie, het hy na Bloemfontein gegaan om die saak persoonlik aan die President te stel. As die Boere nie by Stormberg ’n Britse ambulans gebuit het nie, sou hulle nie die gewondes kon verpleeg het nie. Hy erken dat sy simpatie by die Boere was, maar hy was teen die wapenskou of die anneksering van die Kaapse distrikte.

Engelsprekendes het hierdie getuienis bevestig. W.A. Sutton, sekretaris van die St. John's Ambulance Society in Burgersdorp was 'n boekhouer van beroep. Hy vertel dat die beskuldigde hom wel vir die Korps beywer het. Daarby het hy die gebou van die Teologiese Skool aangebied om lesings in te hou en agt-en-sestig Britse gewondes is selfs deur hierdie mense verpleeg. Dr. J.T. Bolger, die plaaslike geneesheer, bevestig hierdie bewering. Moontlik het dit die deurslag gegee. G.J. Vorster en W.J. Brand bevestig ook die professor se onskuld.

Die hof kon nie anders nie as om te besef dat die staat nie sy saak teen prof. Lion Cachet bewys het nie. Op 13 April is hy na ses weke gevangenskap op borgtog van drieduisend pond vrygelaat, op voorwaarde dat hy hom in Oos-Londen of Port Elizabeth gaan vestig. Hierop het veertig Engelsprekende mense gereageer deur 'n petisie op te stel. Daarin het hulle bevestig dat "Mr. Cachet ... proved himself a friend of the English community ..." en gevra dat mede as gevolg van sy swak gesondheid, die saak heroorweeg word. Daarna is die voorwaarde van borgskap en verhuising opgehef (*Albert Times*, 1901, 8 Mrt.:2; 11 Mrt.:2; 15 Mrt.:2; 15 April:2; 19 April:2).

Professor Lion Cachet se familie het in hierdie tyd innig met hom saamgeleef. Uit 'n hotel in Switserland skryf sy weduweesuster, Mariana Pun (of Pirn) (1901 – Brief), aan die militêre owerheid om vir hom te pleit. Sy was 'n Kwaker wat, uit die aard van haar geloof, teen oorlog gekant was. Sy stel dit dat sy verstaan dat die militêre owerheid 'n plig het, maar sy wil vryskelding vir haar broer vra. Volgens haar was "Jan Lion Cachet" altyd "meek" en sou hy niemand kwaad aandoen nie. Haar ander broer se seun met dieselfde naam was ook 'n krygsgevangene (dit was die seun van hulle tweede oudste broer, Carel, wat skoolhoof in Amsterdam was). Sy meld dat haar broer al oud is en nie gesond nie. Sy sou graag na Suid-Afrika wou kom en voeg by, "to help to comfort and cheer some poor dying ones".

Haar brief kon die hofuitspraak nie beïnvloed nie, maar die kommandant in Burgersdorp het geantwoord dat prof. Lion Cachet reeds vrygelaat en in Burgersdorp is. Terloops is bygevoeg: hy is "the recognised head of the Dopper Church" (Kommandant. Brief.). Op 27 Junie 1901 is prof. Lion Cachet vrygespreek. Die *Albert Times* het wel 'n kort, niksseggende beriggie geplaas, maar daar is veel meer in die hof gesê. J.L. Ras het in sy navorsing oor prof. Lion Cachet talle besonderhede opgediep. In hierdie geval haal hy aan uit die "Extract from Prosecuting, barristers' Report" waaruit dit blyk dat hulle self agtergekom het dat "it would be quite impossible to secure a conviction". Hulle het besef dat sommige van die getuies gedurende konsultasie ander woorde aan die professor

toegedig het as gedurende die voorondersoek (*Albert Times*, 28 Junie 1901:2; Ras, 1985:193).

4.4 Calman se dood

In dieselfde jaar (1901) het prof. Lion Cachet nog 'n swaarder beproewing as sy gevangenskap beleef. Op 13 Augustus sneuwel sy seun, kommandant Calman Efraim Lion Cachet op 23-jarige ouderdom. Calman, gebore 24 Mei 1878, was die oudste seun uit prof. Lion Cachet se tweede huwelik met Catharina Viljoen (Verklaring. JLCV 6, 29 April 1893).

Op veertienjarige ouderdom skryf Calman saam met sy broer, Petrus, by die Teologiese Skool in op 25 November 1892. Een en 'n half jaar later verlaat hy die Skool sonder opgaaf van redes, maar maak vinnig opgang om op drie-en-twintig-jarige leeftyd reeds tot kommandant te vorder (Lijst van Studenten, T 29, GKA).

Later was daar baie, selfs teenstrydige berigte, oor hoe hy aan sy einde gekom het. Al wat seker is, is dat hy op 13 Augustus 1901 oorlede is op die plaas Ruiterskraal, buite Steynsburg in die rigting van Venterstad (Ras, 1985:194).

Deur die vertraging van die trein waarmee prof. Lion Cachet gekom het, was hy te laat vir die begrafnis en daarom het Isak van Rooy, 'n familielid van die gesin, Calman begrawe (A.J. Coetzee, 26 Junie 1967).

Die bejaarde professor het hierdie dood verwerk in die lig van die Afrikaner se stryd. Hy, die Joodse Hollander wat aan die Afrikanervolk met geloofs- en familiebande gebind was, het ook ervaar dat die bloed van sy kind vir daardie volk geoffer word. Pragtig vertolk hy dit in sy gedig:

Leg hem neder naast zijn moeder,
Dek hem met Oranje's vaan
Nu hij goed en bloed en leven
voor zijn volk heeft afgegeven.
Nu zijn dagwerk is gedaan
omdat Engeland had gezworen
om te verwen bloedig rood
Afrikaanshe groene velden,
sterf ook hij den vroegen dood (Nienaber, 1940:22).

4.5 Prof. P.C. Snyman

Professor P.C. Snyman, die een dosent. in Lettere, is aan die einde van 1900 ook aangekla. Die saak is egter uitgegooi vanweë onvoldoende

getuienis. Hy en prof. J.A. du Plessis, die ander dosent in Lettere, kon met die onderrig voortgaan, al was daar in 1901 net vyf studente (Laufs, 1982:62).

4.6 Studente in die spervuur

Die ander komponent van die Teologiese Skool was die studente. Oor die wedervaringe van die dertig studente wat aan die begin van die Oorlog aan die Skool ingeskryf was, bied D. Laufs in sy verhandeling 'n lesenswaardige weergawe van die gegewens in beskikbare bronne (Laufs, 1982:64-98).

Met die uitbreek van die Oorlog het sommige van die dertig studente, naamlik dié uit die ZAR en OVS, huiswaarts gekeer om te gaan veg. Nog drie het huis toe gegaan toe die Boere Burgersdorp beset het. Ander het by die Ambulanskorps aangesluit (Lion Cachet, 1909:131). Van sommige studente is nie veel bekend nie; ander het wel voortgestudeer, sommige het in die Ambulanskorps gedien, sommige is krygsgevangene geneem en ander het gesneuwel.

Oor die volgende ses studente is nie veel bekend nie: Douw Gerbrand Kruger, J.V. van den Heever, A.P.C. Duvenhage, J.H. Snyman, N.T. van der Walt en J.C. Pretorius.

Drie studente het voortgestudeer: H.J.R. du Plessis, Dirk Postma du Plessis en D. Smit. Of hierdie manne ook in die Ambulanskorps was, is nie bekend nie.

Dit is wel bekend dat ses studente by Stormberg “goeie werk” in die Ambulanskorps gedoen het. Een vader het sy seun dadelik plaas toe laat kom omdat hy op grond van Romeine 13 volgehou het dat hy geensins by gevegte betrokke moes wees nie. Prof. Lion Cachet noem in sy verslag van 1902 dat nege studente krygsgevangene geneem is (Lion Cachet, 1909:132).

Krygsgevangenes was A.H.A. du Toit wat na Indië gestuur is en in die Ahmed-Nagar(?) fort aangehou was. J.H. Kruger, die later bekende predikant van Postmasburg, het 'n geruime tyd op Ceylon in die Diyatalawakamp deurgebring waar hy vir kinders skoolgehou het. H.P.J. Pasch en Dirk Postma is na Burt's eiland in die Bermudas gestuur waar laasgenoemde ook skool gehou het (Van Tonder, s.j.). Hierby moet vier studente getel word wat in Suid-Afrika in gevangenskap was, naamlik W.J. de Klerk, H.D. Lessing, J.P. van der Walt en W. Viljoen (Laufs, 1982:81-83).

Sommige studente was gelukkiger. L.J. du Plessis was nie gevang nie. M.J. Pretorius, Ferdinand Postma en J.D. du Toit (Totius) (pas klaar met sy studies) het geveg, maar daarin geslaag om na Nederland te gaan waar hulle aan die Vrije Universiteit in Amsterdam kon studeer. Postma en Du Toit kon in Nederland gaan studeer met behulp van vriende van die Nederlands-Zuid-Afrikaanse-vereniging. Veral hierdie twee manne het daar in die vreemde gedroom oor die stigting van 'n Christelike universiteit in Suid-Afrika – 'n universiteit waaraan hulle later inderdaad lewenslank gearbei het (Van der Vyver, 1969:234; D'Assonville, 1971: 44-50).

Drie studente het gesneuwel. Daar is reeds genoem dat J.A. Venter op 11 Maart 1900 by Bethuliebrug gesterf het toe die Boeremagte uit die Kaapkolonie moes onttrek.

J.P. Maré het in die kommando van Middelburg, Transvaal geveg. Na verskeie veldslae bestorm hulle op 19 Desember 1901 'n blokhuis by Elandspruit waar hy swaar gewond word. Op Februarie 1902 beswyk hy aan sy wonde (Anon., s.j. Berig; Laufs, 1982:68, 69).

Student Jan Christoffel Kruger was die enigste werklike Kaapse rebel. Hy word sekretaris van kommandant Piet Steenkamp van Burgersdorp. Toe die Boere uit die Oos-Kaap terugtrek, moes hy eers sy goed in Burgersdorp gaan haal. Daar is hy gevang, maar op parool losgelaat. Toe sluit hy by kommandant G. van Reenen aan. Hulle word verrai en in die geveg word hy die nag van 6 Junie op Ruigtevlei doodgeskiet (Laufs, 1982:64-69).

Nog 'n oud-student het gesneuwel. Hy was Karel Dawid Coetzee van Venterstad en het die Skool reeds in 1893 verlaat. Op die dag van wapenstilstand het hy met sy kommando huis toe gery. Onverwags het 'n klompie "Hottentotsoldate op hulle geskiet" en hom noodlottig gewond (Van der Vyver, 1969:92).

Na die Oorlog bevind die Teologiese Skool dus dat drie van hul studente en twee oud-studente (Calman Lion Cachet en K.D. Coetzee wat ook rebelle was) hulle lewens afgelê het.

Die studente neem inisiatief met die insameling van geld om 'n monument ter ere van die gesneuweldes op te rig. Eers op 24 Maart 1906 kon dit by 'n plegtige samekoms deur W.J. de Klerk onthul word. Die opskrif op die marmer lui: "Gloria Victis".

Uit die pen van Totius het die lied gekom wat 'n koor in vier stemme by dié geleentheid gesing het. Prof. F. Postma het 'n besielende rede gelewer waarin hy gewys het op die beginsels waarvoor hierdie manne

gesterf het. Ook het hy bygevoeg, sal daar in die toekoms ook geoffer sou moes word (Van der Vyver, 1969:93-98).

5. Slot

Die Teologiese Skool Burgersdorp het sy offers gebring. Dit kon nie anders nie. Byna die helfte van die studente het uit die twee Republieke gekom en was geheg aan hulle land, familie en vryheid. Dit sou vreemd gewees het as hulle nie saam met hulle vaders, broers en neefs gaan veg het nie.

Hoewel die Oorlog grotendeels in die Noorde gewoed het, het skermutselings ook in Natal en die Kaapkolonie plaasgevind. Die Oorlog het soos golwe oor die hele Suid-Afrika gespoel. Op 15 November 1899 het 'n OVS-kommando Burgersdorp beset en vyfhonderd "rebelle" uit die distrik het by dié kommando aangesluit. Dit het die hele omgewing in aktiewe oorlogvoering betrek. Gevolglik was die Teologiese Skool ook in die situasie vasgevang.

Al het die Kaaplandse studente deur wyse raad nie aan gevegte deelgeneem nie, maar saam met professore in die ambulanskorps gedien, het die Teologiese Skool tog sy offers gebring. Sommige studente moes hul studie onderbreek, ander het nie teruggekeer nie. Drie studente en twee oudstudenete het gesneuwel. Een student en twee oudstudente was rebelle.

Die dosente en kuratore het die smaad en gevangenskap en verlies aan inkomste te bowe gekom.

Soos 'n gedugte span het hulle ander besiel met hoop en moed vir die toekoms. Onder invloed van dr. J.D. du Toit (die bekende digter en later professor) verskuif die Teologiese Skool in 1905 na Potchefstroom, midde in die verwoeste en verarmde omgewing. Daar het 'n laer- en hoërskool sowel as 'n Christelike universiteit uit die Teologiese Skool gegroei.

Die Oorlog het 'n dramatiese invloed uitgeoefen op almal wat aan die Skool verbonde was, maar na die Oorlog het invloed ook van die Teologiese Skool uitgegaan deur mense wat 'n geestelik platgeslane volk besiel het met geloof en durf.

Bibliografie

- ALGEMENE VERGADERING OVS. 1889. Notule, art. 71, Maart.
ALBERTYN, C.F. 1977. Ensiklopedie van die Wêreld. Stellenbosch : Albertyn.
ANON. s.j. Berig. Burgersdorp Museum, deel 88/92.
ANON. 1901. Verslag. *Albert Times*: 2, Maart 8.

- COETZEE, A.J. 1967. Brief. JLC Versameling. Potchefstroom : GKA.
- COLESBERG ADVERTIZER. 1899. Verslag, 6 Sept.
- D'ASSONVILLE, V.E. 1971. Dr. J.D. du Toit (Totius) se opleiding en vorming as predikant. Potchefstroom : PUCHO. (Th.M.-verhandeling.)
- DE KLERK, W.J. 1903. De Teologiesche School. *Het Kerkblad*: 12, Mei 1.
- HET STUDENTENBLAD. 1898. Redakteursbrief. Sept. 23.
- HET STUDENTENBLAD. 1899. Redakteursbrief. Mei 12.
- IZEDINOWA, S. 1977. A few months with the Boers. Johannesburg : Perskor.
- JORDAAN, G. 1904. Hoe zij stierven. Burgersdorp : De Stem.
- KOMMANDANT. s.j. Brief. Burgersdorp Museum, deel 88/87.
- KRUGER, B.R. 1957. Die ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Pretoria : V & R-Drukkery.
- KRUGER, D.W. s.j. Geskiedenis van Suid-Afrika. Elsiesrivier : Nasou.
- LAUFS, D. 1982. Die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk te Burgersdorp, KP en die Anglo-Boereoorlog. Potchefstroom : PUCHO. (Th.M-verhandeling.)
- LION CACHET, J. 1899. Het ijzer gaat ons door de ziel. *Het Kerkblad*, Oktober 15.
- LION CACHET, J. 1902. Kuratore Notule, 15 September.
- LION CACHET, J. 1903. Verslag-Kuratore. *Het Kerkblad*: 3, Sept 1.
- LION CACHET, J. 1909. Gedenkboek van het 50-jarig bestaan der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika. Potchefstroom : Koomans.
- LIJST VAN STUDENTEN. Nr. 69 en 70. Teologiese Skool Versameling. Potchefstroom : G.K.A.
- NIENABER, P.J. 1940. Jan Lion Cachet en sy sewe duiwels. Pretoria : Van Schaik.
- PAKENHAM, T. 1981. Die Boere-Oorlog. Johannesburg : Ball.
- PUN (OF PIRN), MARIANA. 1901. Brief. Burgersdorp Museum, deel 88/87.
- RAS, J. 1985. Jan Lion Cachet as kerkman (1865-1912). Pretoria : Heer Drukkers.
- ROBERTS, A. 1976. History of Zambia. London : Heineman.
- SPOELSTRA, B. 1963. Die Doppers in Suid-Afrika. Kaapstad : Nasionale Boekhandel.
- STOKER, H.G. 1967. Oorsprong en rigting. Kaapstad : Tafelberg.
- STRYDOM, C.J.S. 1943. Kaapland en die Tweede Vryheidsoorlog. Kaapstad : Nasou.
- STUDENTE AANGELEENTHEDE. 1899. Notule T.S. Versameling, T29. Potchefstroom : G.K.A.
- TAZELAAR, J.P. 1929. Vryheid. Christelike encyclopaedie, V:662-663. Kampen : Kok.
- VAN DER VYVER, G.C.P. 1969. My erfenis is vir my mooi. Potchefstroom : Potchefstroom Herald.
- VAN TONDER, J.M. s.j. Die Kerk onder die krygsgevangenes te Bermuda ... Potchefstroom : PUCHO. (Th. B.-skripsie.)
- VERKLARING. 1893. Uit doopregister Philipstown. JLC-Versameling, deel 6.

Kernbegrippe:

Teologiese Skool Burgersdorp
Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902)

Key concepts:

Second War of Independence (1899-1902)
Theological Seminary Burgersdorp